

NAAMLOSE VROUE:

ONBEKEND, MAAR NIE ONGESIENS OF ONBEMIND!

Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het

1. Inleiding

Het jy al ooit 'n gevoel gekry dat jy een van die naamlose mense is wat so ongesiens in die massa verdwyn? Het jy al gevoel dat jy nie noodwendig so in die bondel enige verskil in iemand se lewe maak nie? Ek lees van baie vroue in die Bybel wie dalk ook so moes voel, maar toe hulle hulle in die Man van Nasaret vasloop, sou dit nooit weer waar van hul lewens kon wees nie. In hierdie drie studies word gefokus op anonieme onbekende vroue - vroue wat iewers naamloos in die samelewing verdwyn het, of het hulle juis nie?

Die Bybel wemel van vrouekarakters waarby ons kan leer. En tog word meer as die helfte van die vroue wat in die Bybel genoem word, se name nie vermeld nie. Die anonieme vroulike karakters in die Bybel word dikwels volgens status soos slavin, wyse vrou of prostituut verwys, of volgens 'n sekere verhouding waarin hulle gestaan het: moeder, dogter, vrou, suster. In Bybelse tye was 'n naam nie net 'n aanspreekvorm nie. Jou naam het 'n betekenis gehad, dit was jou identiteit, jou karakter, reputasie, outoriteit en baie meer.

Dit maak seker sin in die kultuur waarin hulle geleef het waar mans die sosiale beheer gehad het, waar vrouens nie opgevoed kon word nie, in 'n sensus getel is of selfs in die hof kon getuig nie. Dit is so dat die kultuur rondom vroue in Bybelse tye selfs as diskriminerend beskou is. Maar ons sien in die Woord hoe God die gewoonte het om die mens se kultuur met Koninkrykskultuur omver te gooi. God kies om onbekende vroue ten spyte van hul sogenaamde naamloosheid en ten spyte van hul foute en tekortkominge in die Woord laat opteken het om my en jou lewe vir ewig te beïnvloed. Die Nuwe Testamentikus, Jerome H. Neyrey gaan in groot besonderhede in oor hoe "onbetroubaar" Jesus in "behoorlike" optrede met vroue op daardie tydstip omgegaan het. Dit word duidelik in die volgende verhaal.

2. Delf in die woord

Mark. 5:21-34

3. Agtergrond

Jesus vaar na die oorkant van die meer van Galilea waar 'n groot skare Hom inwag. Dan kom Jaïrus, 'n hooggeplaaste geestelike leier van die sinagoge, na Hom toe en smeeke Hom om sy dogter gesond te maak en Jesus is op pad saam met Jairus na sy huis toe.

Vers 24 sê: *'n Groot menigte het agter Hom aan gegaan en hulle het van alle kante af teen Hom gedruk.* Die 53-vertaling sê: verdring. Die Griekse woord se betekenis is *to press together, press on all sides*. Dis belangrik om die prentjie te kry vir die ontvouing van die verhaal.

4. Gebeure en interpretasie

In hierdie skare was 'n desperate vrou. Sy het nie 'n naam nie en sy is 'n vrou met 'n "label" – *die vrou wat aan bloedvloeïing gely het. Mark. 5:25 Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeïing gely het.*

Mark. 5:26_ Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.

Vir 12 jaar ly sy al aan bloedvloeïing, heel waarskynlik volgehoue menstruele vloeïing. As ons nou na die wette in Levitikus kyk, sal ons volgens Levitikus 15:19-30 sien dat sy seremonieel onrein was en enige iets waarop sy sou sit, lê of aanraak, was dus kultureel onrein. Enige persoon wat haar sou aanraak of die plek aangeraak het waarop sy gesit of gelê het, was ook onrein. Sy het daarom almal se kulturele reinheid bedreig en moes verder oral onwelkom wees. Sy was dus fisies en geestelik geïsoleer.

Wat 'n hooplose toestand. Dit was egter nie net fisiese siekte was wat hierdie vrou se lewe bedreig het nie. Sy het ook finansiële probleme gehad. Vers 26 sê: *sy het al haar geld aan dokters uitgegee, maar haar toestand het vererger.*

Maar dink aan die diep emosionele seer wat hierdie vrou moes hê – sy het verwerping, eensaamheid, skaamte, skande geken. In haar totale mens- en vrouwees was sy van alles gestroop. Hoe sal ons ooit weet hoeveel trane hierdie vrou gestort het? 'n Chroniese toestand van fisiese, emosionele en psigiese uitputting.

Vers 27 sê dat sy van Jesus gehoor het en uit desperaatheid moes sy haar hoop op hierdie man gesit het waarvan sy die gerugte gehoor het. Sy sit geloof in aksie en sy waag haar lewe. Sy, as onrein vrou, waag haar pad oop deur die skare na Jesus toe. Sien die prentjie hier – dit was 'n menigte wat aan mekaar gestamp en gestoot het. Sy kon aan een van hulle geraak het en dan was sy in die moeilikheid. Teen haar kennis van haar onreinheid in, is sy vasbeslote om teen elke prys net by Jesus uit te kom. Sy het gedink om van agter aan sy klere te raak, sou beteken dat niemand haar sou sien nie. Haar geloof laat haar egter hierdie verskriklike kans waag. *Mark. 5:28 want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word.*

Haar begeerte was om gesond te wees. Volgens die Griekse woord beteken hierdie gesond - *gered, heel, buite gevaar, veilig.*

From a primary word **σῴζω** **sōō** (contraction for the obsolete **σῶος** **saos**, “safe”); to save, that is, *deliver* or *protect* (literally or figuratively): - heal, preserve, save (self), do well, be (make) whole.

Dan gebeur die wonderwerk! Onmiddellik is die fontein van haar bloed opgedroog en sy voel in haar liggaam dat sy genees is van die ellende. Sy het haar vertroue onwankelbaar net in Jesus as haar Geneesheer geplaas.

Maar dit was nie ongesiens nie. Mark. 5:30 sê: *Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?"* Jesus het ten spyte van 'n stampende, stotende skare waarvan honderde al daardie dag aan Hom gestamp het, self onmiddellik geweet dat iemand aan Hom geraak het en dat daar van Hom krag uitgegaan het.

Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?" (v 31)

Mark. 5:32 Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het.

Jesus was gereed vir die Goddelike afspraak met hierdie vrou. Maar waarom het

Jesus haar uit die skare na vore geroep en haar sodoende aan hul verkleining en afkeur blootgestel? Dink aan die angs wat sy moes ervaar omdat sy geweet het watter verskriklike ding sy as onreine in haar kultuur gedoen het.

Mark. 5:33 beskryf haar vrees: *Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het.* Jesus doen dit nie om inligting te kry nie. Jesus wou in haar oë kyk om Hom persoonlik te ontmoet. Hy doen dit dat die vrou haar belydenis maak sodat die krag van haar geloof en die grootsheid van die wonderwerk God kan verheerlik. Dan val sy voor Hom op haar knieë neer en vertel vir Hom haar hele geskiedenis.

Die skare moes seker in afwagting wag vir Jesus se oordeel oor die onbesonne ding wat sy aanvang, maar dan tree Jesus teen alle verwagting in op, gooi alle sosiaal aanvaarbare tafels om en Hy sê: *"Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"* (Mark. 5:34)

Jesus eer haar geloof, maar meer as dit, Hy laat haar behoort. Jesus neem tyd om by hierdie "onbelangrike" vrou stil te staan, terwyl Hy weet 'n "belangrike" wag dat Hy sy kind gaan gesond maak. Hy gee haar identiteit. Hy noem haar *Dogter!!* Sy kry 'n nuwe identiteit! Dink aan al die name wat sy dalk tot dusver in haar lewe genoem is. Hy noem haar egter: Dogter! 'n Woord vol deernis, omgee, liefde en beskerming. Sy woorde moes soos 'n damwal wees wat deur haar isolasie breek en haar bevry!

Dan sien ons wat hierdie vrou gered het. Haar geloof!

Heb. 11:6_ As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.

Jesus genees haar volkome en stuur haar weg in vrede. Jesus sal hulle wat na Hom toe kom nooit wegwerp nie. *Joh. 6:37 Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.* Hierdie gebeure herinner ook aan die woorde van *Joh. 8:36 Eers as die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.*

5. Wat leer die verhaal ons van Jesus?

- Vir Jesus is ons nie net nog 'n naamlose randfiguur wat in die skare verdwyn nie. Hy is 'n God wat in die skare raaksien.

- Jesus is bewus van elke persoonlike “aanraking”. As ons na Hom toe kom, sal Hy ag slaan.
- Dis ons geloof in Jesus wat die deurbraak gee.
- Jesus eer nederige, afhanklike gebrokenheid en gebruik dit om om Homself te verheerlik.

6. Maak die verhaal jou eie

Is daar iets waarmee jy op hierdie stadium worstel, dalk jare al soos hierdie vrou? Is daar iets wat jy weet net die Here kan uitkoms kan gee? Miskien siekte, ‘n finansiële uitdaging, ‘n moeilike kind, ‘n verbrokkelde huwelik, ‘n diep seer en wond uit jou verlede, iets anders?

Miskien soek jy al so lank hulp by dokters, beraders, terapeute, mense, selfs verskillende kerke of spiritualiteite, maar niks bring ware genesing nie en jy is op die punt om hoop te verloor.

Miskien is jou “bloedvloeiing” al so lank aan die gang dat jy ‘n robotagtige Christelike lewe lei - die regte dinge doen, die regte dinge sê, die regte plekke gaan, maar daar is nie lewe nie.

Maar daar is hoop. Daardie Hoop is 'n Persoon. Sy naam is Jesus. Moenie ophou om in geloof vorentoe te beur nie. Moenie ophou tot jy spreekwoordelik die soom van sy kleed raak nie en hou daardie soom vas totdat Hy uitkoms gee. Hy weet as jy in die skare aan Hom raak. Hy sien jou raak, Hy noem jou vandag sy dogter.

Hy het die vermoë om jou onmiddellik uitkoms te gee, om onmiddellik te genees of te verlos. Hy kan die onmoontlike doen binne ‘n oomblik doen.

Soms is daar daardie definitiewe ontmoeting met Hom waar jy beleef dat Hy die antwoord gegee het, maar die proses moet nog uitspeel. Dit wil nie sê dat daar nog nie 'n proses in hierdie vrou se lewe nodig was nie. Daar was jare se bagasie waarmee sy te doen sou kry. As ons na Jesus kom en ons uitreik en ons Hom aanraak en ons deur sy genade getransformeer word, is daar dalk nog 'n proses in ons lewens nodig. Die Bybel noem die proses heiligmaking, ‘n pad wat ons met ons stap waar Hy ons vorm en skuur en skaaf om Sy beeld meer gelyk te word.

Maar dis ook so dat daar tye is wanneer God in Sy soewereiniteit kies om nie fisiese genesing te gee nie. Ek dink aan die apostel Paulus, wat 'n soort liggaamlike kwaal gehad het. Dit is iets wat vir hom 'n groot las was. Maar 2 Korintiërs sê vir ons dat hy die Here drie keer aangeriep het om hom van die ellende te genees!" Maar God het in daardie geval verkies om die apostel Paulus nie te genees nie en vir Hom gesê: Sy antwoord was: *"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."* (2 Kor. 12:9). Ook dit is 'n antwoord wat vreugde gee.

Wat 'n troos is hierdie vrou se verhaal nie vir ons nie?